


Uitgawe 91: Augustus 2020

In 'n vorige brief aan kliënte, het ons 'n paar gedagtes oor FOMO gedeel – dit is die *"Fear of Missing Out"*. Die laaste 3 maande het 'n paar ongewone finansiële uitkomstes gehad (verrassend om die minste te sê). Dit lyk asof die gesegde waar is: *"Dit is doodeenvoudig tyd in die mark en nie die tydsberekening van die mark wat tel nie"*.

Sommige nuwerwetse tendense, kommoditeite soos Goud (Silwer word nie eens genoem nie), miskien 'n aandeelprys van Tesla wat verdriedubbel het, of die breë Amerikaanse tegnologiese sektor wat op hol gegaan het, kon ons maklik FOMO laat ervaar. Hits dit ons aan om deel te neem aan die aksie?

Finansiële markte is geneig om vorentoe te kyk en toekomstige verwagtinge te waardeer, sodat ons dit in vandag se batepryse kan sien. Is hier enige onrealistiese toekomsverwachting? Bevind ons onself in 'n gevaarzone? Op 'n sekere punt kan enige tema te duur raak. Van die opgewondenheid rondom die finansiële markte in die V.S.A. herinner ons aan die jare rondom 2000. Ons wil ook benadruk dat ons nie sê dat die omstandighede in enige mate dieselfde is nie. Die huidige neiging beteken ook nie noodwendig dat dit skielik sal eindig nie (die illustrasies hieronder is met vergunning van Carl Richards, *The Behavior Gap*).



BEHAVIOR GAP

Ons meet onself


Mense vergelyk hulself graag met hul eweknieë. Ja, ons is geneig om onself te meet – dikwels in finansiële terme: waar ons woon of deur die pos wat ons beklee met die titels en inkomste wat daarmee saamgaan. Vandag word mense se ervarings selfs vergelyk. Iewers, op hierdie oomblik is daar iemand wat meer pret as jy het, wat meer geld as jy maak, wat iets meer belangriker doen, besig is met ouliker vriende en met 'n gelukkiger einde as jy (en hulle laat jou via Facebook of Twitter weet). Die feit is, jy is nie altyd deel daarvan nie!

Vir sommiges kan dit moeilik wees om vreugde te vind, selfs met al hul bates en voorregte. Elektroniese media trek voordeel uit ons verbintenisse en in die proses word emosies, wat ons nie noodwendig altyd nodig het (of wil ervaar nie), beklemtoon. FOMO het natuurlik altyd bestaan, sedert ons skooldae. Ons het geweet van daardie partytjie van een of ander kind waar ons nie by was nie. Tegnologie het egter hierdie ervaring 'n paar stappe verder geneem as slegs die storie wat die volgende dag vertel is. Slimfone in ons sakke basuin FOMO uit, oral waar jy gaan.

Opnames in die V.S.A. toon dat meer as 50 persent van die respondente op een of ander manier aan Sosiale

Media, bv. Twitter of Facebook verslaaf is. Verder noem 27 persent dat sodra hulle wakker word, hulle smag om eers ander se ervarings te versamel. Ons instink is om voortdurend seker te maak dat alles in orde is. Snaaks, jy kan nie rus totdat jy weet dat almal van jou hou nie (soos 'n Facebook "Like"), dat niemand aanstoot geneem het nie en dat ons beleggings-grafieke opwaarts neig sodat die toekoms seker kan bly. Natuurlik, die toekoms (sowel as die hede) is nie volmaak nie. Die kombinasie van 'n omgekeerde FOMO of leed-vermaak (die pyn wat ons ervaar weens die ander se voordeel) en 'n onversadigbare en onbereikbare behoefte dat alles piekfyn moet wees, span saam om ons aandag af te trek en veroorsaak ontevredenheid.

Terloops, ons praat nie van die ontevredenheid van iemand wat hom- of haarself uitdaag om nuwe hoogtes te bereik nie. Of, stel jou voor die finansiële markte stort weer in duie!



Studies van lewensgeluk

Algemene wysheid lui dat geld nie geluk kan koop nie. Dit is nie heeltemal waar nie. 'n Sakeman het sy vennoot eenmaal gewaarsku: *"Geld is nie alles nie, maar dit val in dieselfde kategorie as suurstof."*

Studies in Amerika by die Greater Good Science Center aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, ondersoek die verhouding tussen geld en menslike gedrag. Sosioloog en direkteur van die sentrum, Christine Carter, sê dit gaan nie noodwendig daaroor dat geld dinge kan koop nie, maar dat dit wel veiligheid en gerief bied, veral vir kinders. Welvaart in 'n familie bring gesondheidsorg, 'n goeie skool, 'n veilige omgewing ens. Om al hierdie dinge te voorsien, is eintlik duur. Hulle het ook waargeneem dat soos lande se BBP styg ('n ekonomiese maatstaf van welvaart), geluk of subjektiewe welstand ook geneig is om te verbeter; alhoewel dit nie die geval vir die afgelope paar dekades in Europa en Amerika was nie. Dit is bewys dat gelukkiger mense geneig is om langer en gesonder te leef, meer geld te verdien en beter by die werk te presteer. Bring geluk hierdie soort van dinge, of lei hierdie soort van dinge ons om gelukkiger te wees? Navorsing oor hierdie onderwerp het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

1. Jy beheer die helfte van jou geluk – reg waar jy is;
2. Sodra ons by 'n sekere inkomstevlak kom (wat genoeg is om die leefstyl waaraan ons gewoond is te handhaaf), beteken meer geld nie noodwendig meer geluk nie;
3. Lotto wengeld skep kortstondige geluk;
4. Goeie verhoudings is 'n belangrike faktor in langtermyn geluk;
5. Fokus op ervarings, nie besittings nie.

Daar is 'n aanhaling êrens op 'n muur in die Barrydale Hotel: *"The best things in life, aren't things."* Ek stem saam.